
#1 netwerk
VIR JOU LEWE




“Leef in liefde,
God het ons eerste
liefgehad“

# Maandelikse Bybel Bespreking
## Liefde - ‘n Vlugtige oorsig

Die woord “liefde” spruit blykbaar uit ou-Germaanse en Latynse oorsprong en het oor die eeue ’n wye betekenis ontwikkel. As menslike ervaring en behoeftes word “liefde” gesien as gehegtheid, omgee, toewyding en beskerming in vriendskappe en familie-bande. Dit het in verskillende kulture en tale verskillende betekenisse – van ‘n vlietende gevoel tot diepe geestelike verbintenis.

Hoewel liefde as menslike ervaring universeel voorkom, word dit nie in alle kulture op dieselfde manier verstaan nie. Party tale gebruik nie één oorkoepelende woord vir “liefde” nie, maar onderskei dit deur verskillende begrippe of beskryf dit eerder deur dade en verhoudings soos sorg, lojaliteit en eer. Wat as liefde beskou word, verskil ook: in sommige kulture is dit sterk verbind aan plig, familie en gemeenskap, terwyl ander gemeenskappe dit meer koppel aan persoonlike keuse en emosionele vervulling. So staan romantiese liefde nie oral sentraal nie. Dit is nie in alle kulture die belangrikste grondslag vir verhoudings of huwelike nie.

Ons praat maklik van “liefde” asof romantiese liefde en vriendskapsliefde één ding is. Maar die Grieke het lankal geweet dis nodig om te onderskei oor wat presies bedoel word. In die antieke Griekse denke is liefde uitgesonder in verskillende soorte. Die Griekse onderskeiding (soos ons dit in die Bybel aantref) tussen: *Eros* (passie en begeerte); *Philia* (vriendskaplike liefde); *Agape* (onbaatsugtige liefde) help ons om te verstaan wat ons dikwels intuïtief bedoel wanneer ons oor liefde praat.

In die Bybel staan liefde sentraal. Paulus beskryf liefde as die hoogste waarde in 1 Korintiërs 13: *“...die grootste hiervan is liefde.”* Hier word liefde nie net gedefinieer deur emosies nie, maar deur dade wat seën en bou, selfs in lyding en teenstand. God se liefde word in die Nuwe Testament as Agape voorgestel — ’n liefde wat gee sonder verwagting (Joh 3:16; 1 Joh 4:8).

Wanneer ons na Alles In Liefde kyk, vind ons ’n perspektief wat verder strek as ons onsekerhede en die wêreld rondom ons se verdeeldheid. Dan sien ons dat Liefde noodsaaklik is vir ‘n gesonde lewe en ontwikkeling. Dit bou selfwaarde, emosionele welstand, en die vermoë om te gee en te ontvang. God se liefde raak ons diepste self, en leef in ons verhoudings voort: met familie, vriende en ons gemeenskap.

“Laat die liefde julle riglyn wees” — ’n roeping soos Christus dit bedoel het.
Andrè Harmzen

# Tema vir die Maand

## Alles In Liefde

### Liefde as fondament

Liefde is die kern van die Evangelie. Ons lees die woord "Liefde"  751 keer in die Nuwe Testament en vind dit 316 keer in die Ou Testament. Ons lees egter nie net daarvan nie, maar die wese daarvan word ook duidelik. Die Bybel, as God se Woord, sê in die Nuwe Testament: "God is liefde." (1 Joh 4:8). God se liefde is nie net 'n idee nie – dit is 'n daad wat in Christus gekom het.

Daar is drie "liefdes"-terme wat ons in die Nuwe Testament vind, en dit help ons om te onderskei tussen drie vorme van liefde: *Eros* — passie en begeerte (menslik); *Philia* — vriendskaplike liefde; *Agape* — Goddelike onbaatsugtige liefde.

Jesus se lewe het Agape-liefde vir ons kom leer. Sy leringe beklemtoon God se grootste gebod: Liefde vir God en liefde vir jou naaste. Hierdie liefde is nie blinde romantiese gevoelens nie, maar 'n daad van onbaatsugtige toewyding. In die Evangelies sien ons hoe Jesus Liefde leef. Hy genees, vergewe, dien en offer – alles uit genadige agape-liefde wat gee sonder om iets terug te verwag.

God roep ons om hierdie liefde uit te leef: in ons gesinne, vriendskappe en gemeenskap. Paulus se prentjie in 1 Korintiërs 13 herinner ons dat selfs geloof en hoop sonder liefde leeg is.  Liefde is die kern van wie ons as Christene is.

Die reformatoriese tradisie bely, dat liefde nie net sentiment is nie, maar 'n aktiwiteit van die Gees in ons harte wat ons roep om Jesus se voorbeeld te volg. So het Karl Barth dan ook sy eie teologie opgesom: "Jesus loves me, this I know, for the Bible tells me so." Dit geld ook vir jou.

Sien jou by die eredienste.
Andrè

**IN HIERDIE UITGAWE**

DAMES DAG
MANNE NAWEEK
1 KORINTIËRS 13 VIR KINDERS
DIE GROOTSTE IS DIE 'LIEFDE'
HABAKUK SE GEBED
WAT IS LEWE?
KONTAK ONS



# Dames Ontbyt
# 7 Maart 2026
# 9 uur

## Carpino Lounge
## 183 High Street, Epping, CM16 4BH

ONS VROUE GAAN HEERLIK SAAM KUIER EN ONTBYT GENIET!!
DAAR GAAN OOK 'N GELEENTHEID WEES OM KREATIEF TE WEES.

ALMAL BETAAL VIR HULSELF OP DIE DAG
HIER IS DIE SPYSKAART
KIES ASB JOU ONTBYT,
DIT MOET IN WEES BY DIE 5DE MAART.

DAAR IS PARKERING AGTER DIE RESTAURANT, PAY & DISPLAY

#1 netwerk
VIR JOU LEWE

# Manne Naweek



## Manne Naweek 2026
## 27-29 Maart

### Navigasie - waarheen is jou kompas gestel?

Kom deel in 'n betekenisvolle, bemoedigende en avontuurlike naweek saam met ander manne, onder leiding van Kobus van Rensburg, by die Frontier Centre, Addington Road, Northampton, NN9 5UH.

Dit beloof om 'n tyd van groei, broederskap en geestelike rigting te wees.

• £150 per volwassene; • £70 per seun (10–16 jaar)

Navrae:
Hennie – 079 3434 1879
Frikkie – 075 0691 8027
Andre - 07841029307




Skryf asseblief so gou moontlik in.

Ons sien uit daarna om jou daar te hê
en saam nuwe rigting te ontdek.

# 1 Korintiërs 13 vir Kinders

erkenning aan Lindie Strydom

1 Korintiërs 13 (Die Boodskap) vir kinders...

"Al is my kinders se mondeling kreatief, vlot en foutloos en hulle redenaars boeiend, snaaks en interessant, maar ek het hulle nie lief genoeg om met hulle te praat oor God se onbeskryflike liefde vir ons en Sy hart dat ons mekaar ook so lief sal hê nie, wat dan? Eintlik is al hierdie waardevolle vaardighede om voor mense te kan praat en hulleself uit te druk en te kan verwoord, dan niks anders as 'n geraas nie.

Sê nou hulle is akademies sterk, ken die handboeke van voor tot agter en terug, maak die beste opsommings en het al die afrigting en ekstra klasse wat hulle dalk net daardie voorsprong in die lewe kan gee, ontwikkel elke talent moontlik, het baie selfvertroue en glo regtig in hulle vermoëns as dit kom by sport en kultuuraktiwiteite, dien in leiersposisies, neem deel en presteer en ek is boonop altyd daar om te kyk, maar ek het hulle nie lief genoeg om hulle te vertel wat die prioriteit van God se hart is, volgens Hom die swaarste weeg, die lewe werklik sin en betekenis gee en van Sy ewigheidsplan wat veel verder strek as die einde van hulle skoolloopbaan nie, is ek 'n nul op 'n kontrak.

Al gee ek my hele lewe en al my tyd vir my kinders, bid vir hulle, ry hulle aan, pak broodjies en herinner hulle tog om tande te borsel en agter hulle ore te was, al probeer ek alles vir hulle elkeen wees, maar ek het nie my kinders lief genoeg om self agter Jesus aan te stap sodat hulle ook hulle pad na God se hart sal vind nie, help dit alles niks."

En daarom bid ek vandag - Here, maak my nog liewer vir my kinders sodat ek met die tyd wat U hulle vir my leen, hulle van die drie belangrikste dinge kan leer om hulle lewe op koers te hou: 'n Verhouding met U (geloof), die sekerheid dat U U beloftes sal hou (hoop) en die liefde. "En van hulle staan die liefde bo-aan die lys."

# 1 Korintiërs 13- Die grootste is die 'Liefde'

(1Kor 13:13) En nou bly Geloof, Hoop, Liefde - maar die grootste hiervan is die Liefde.

Eendag was daar 'n jongman wat in die middel van die dorp gestaan het en aan almal wat daar verby gegaan het, verkondig hoe pragtige hart hy het. 'n Groot skare het om hom vergader en sy hart bewonder - want dit was voorwaar perfek gewees. Daar was nie 'n merkie op of enige gebrek daaraan nie. Ja, almal het saam gestem dit was die mooiste hart wat hulle nog ooit gesien het. Die jongman was baie trots en het net nog meer gespog oor sy pragtige hart.

Skielik, verskyn daar 'n ou man, wat sy pad deur die skare moes forseer om voor by die jongman uit te kom. "Jongman, maar jou hart is nie naastenby so mooi soos myne nie." Roep die ou man uit. Die skare en die jongman kyk na die ou man se hart. Dit het baie sterk geklop maar was vol littekens, dit het plekke gehad waar stukke verwyder is en ander stukke ingelas is, maar hulle het nie perfek gepas in die openinge nie en daar was verskeie rowwe kante. Inteendeel, was daar plekke waar daar diep skeure was waar die stukke skoon weg is.

Die skare staar — hoe kan hy sê sy hart is mooier as die jongman sin, wonder hulle? Die jongman kyk na die ou man se hart en sien die toestand daarvan en bars uit van die lag. "Oubaas, jy maak seker 'n grap." sê hy. "Vergelyk jou hart met myne, myne is perfek en joune is vol littekens en skeure, hoe kan jy die twee eens vergelyk met mekaar."

"Ja," sê die ou man, "Joune lyk perfek, maar ek sal nooit myne met joune verruil nie. Jy sien seun, elke litteken verteenwoordig 'n persoon vir wie ek my liefde gegee het — ek skeur 'n stukkie van my hart uit en gee dit aan hulle. Gereeld gee hulle 'n stukkie van hulle hart aan my, wat pas in die opening wat ek uitgeskeur het vir hulle, maar omdat die stukkies nie altyd perfek pas nie is die kante maar soms rof, maar dit vertroetel ek want hulle herinner my aan die liefde wat ons gedeel het. Party keer het ek 'n stukkie van my hart weggegee maar die ander persoon het nie 'n stukkie van sy hart teruggegee nie. Dit is die oop skeure — om liefde te gee is om 'n kans te waag.

Alhoewel die oop skeure pynlik is, bly hulle oop, om my te herinner aan die liefde wat ek het vir die mense en ek bly steeds hoop dat hulle eendag sal terugkeer om die skeure te vul. Kan jy nou sien wat werklike skoonheid is jongman?"

Die jongman staan baie stil met trane wat oor sy wange rol. Hy stap na die ou man, steek sy hand in sy perfekte pragtige hart en skeur 'n stuk uit. Hy bied dit vir die ou man met bewende hande aan. Die ou man neem dit en neem 'n stuk van sy ou verflenterde hart en plaas dit in die wond van die jongman se hart. Dit pas, maar nie perfek nie omdat daar 'n paar rowwe kante is. Die jongman kyk na sy hart, nie meer so perfek nie, maar baie mooier as ooit tevore aangesien die liefde van die ou man se hart daardeur vloei. Hulle omhels mekaar en stap sy aan sy weg..... , want aan die einde van die dag, is daar nog "Geloof, Hoop en liefde".

# Habakuk se gebed.

## ('n Verwerking)

Al sou my oë sukkel om die son raak te sien, die son wat U elke dag op my pad kom neersit.

Al sou my kop aanhou probeer om my hart te verstaan, en my bid partydae moeg voor U kom kniel... nogtans sal ek in U bly glo.

Nogtans,sal ek glo dat U hart goed is en U liefde is.

Nogtans, sal ek elke more stil luister of ek U stem hoor. Want dit is U wat vir my die krag gee om elke oggend op te staan en my stukkie pad voluit te stap.

Dit is U wat my hart se huil stilmaak en die stukkies verlang gaan wegbêre, daar waar dit hoort.

Dit is U wat die verlede se onthou toevou in U hande, en dit eenkant neersit, daar waar dit my nie meer kan raaksien nie. Dit is U wat langs my kniel en my optel, as die pad vir my te lank word. Daarom sal ek glimlag oor U

Daarom sal ek elke oggend U vrede diep in my hart gaan wegbêre.

Daarom sal ek my kop oplig en die lewe stil in die oë kyk... want U, Here, loop saam met my. Elke dag. Altyd. En dit is vir my genoeg.
(Habakuk 3:19)

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • FEBRUARIE 2026

## KALENDER

1 FEBRUARIE HUISKERK 9 UUR

8 FEBRUARIE EREDIENS 9 UUR

15 FEBRUARIE HUISKERK 9 UUR

22 FEBRUARIE EREDIENS 9 UUR

## WAT IS LEWE?

As jy kan vergewe sonder om 'n woord te sê

As jy liefde in iemand se oë kan sien sonder om te vra

As jy kan glimlag sonder 'n rede

As jy kan gee sonder om enigiets terug te verwag

As jy luister na die stem van God sonder om te twyfel

DIT IS LEWE!

Mag jy met oorgawe LEWE!

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK • FEBRUARIE 2026

#1 netwerk
VIR JOU LEWE

# Kontak Andre Harmzen



Andrè Harmzen
16 Baldocks Road
Theydon Bois
CM16 7EB
Epos: andre@sagemeente.com

**Kontak ons:**
**Webblad:** noordwyk.sagemeente.com
**Facebook Blad:** SA Gemeente Loughton

**Erediens Tye**
Ons Eredienste is elke 2de en 4de Sondag van die maand om 09:00


**Adres:**
Theydon Bois Village Hall, Coppice Row
Theydon Bois, CM16 7ER

**Dankoffers.**
**Vir £10 Text RSAG002 na 70191**
Vir direkte inbetaling:
SA Congregation
HSBC
40-22-05
91374265

PayPal
Scan. Pay. Go.

**Jy kan ook deur Paypal betaal by:**
Paypal.me/SAGemeente
Sit net 'n beskrywing in die nota sodat ons weet waarvoor dit is.
Sê ook vir watter wyk- Loughton
**Stuur asb ook 'n epos na Marlene by bank@sagemeente.com met jou naam en wyk. (Loughton)**

# Kontak Ena



Ena Wassermann
Epos: ena@sagemeente.com

(C) SA GEMEENTE NOORDWYK •FEBRUARIE 2026